

'n Lewe met die vaders

Oor Carl Borchardt as student van die vroeë kerk

J H le Roux

ABSTRACT

A life with the fathers

Carl Borchardt's views on the early church

This article focuses on Carl Borchardt's contribution to the study of the early church. Especially one aspect of his historical endeavours is highlighted: the close link between the Bible and church history. He illustrated how the early church lived from the Bible and how patristic theology was shaped fundamentally by the Bible. Because he was so well-equipped for the study of the early church Borchardt succeeded highlighting the beauty of patristic exegesis and opening up new ways of understanding our religious past.

Dit was in Julie 1968 dat ek Carl Borchardt vir die eerste keer ontmoet het. Professor Ben Marais was dié semester weg en Borchardt moes die middeleeue en die reformasie aan ons doseer. Hy was inderdaad 'n uitstekende keuse. Pas twee jaar gelede het hy in Leiden by die befaamde Bakhuisen van den Brink gepromoveer. Sy proefskrif, *Hilary of Poitiers' role in the Arian struggle*, was van so 'n gehalte dat dit in die reeks, *Kerkhistoriese Studiën*, opgeneem is. Borchardt was 'n uitnemende plaasvervanger vir Ben Marais. So ver ek egter kan onthou, was dosent Borchardt 'n bietjie skugter en manuskripgebonde, maar tog was daar iets in sy lesings wat my na al die jare nog bybly: 'n deeglike kennis van en 'n vaardigheid met primêre en sekondêre bronne van die middeleeue en die reformasie. Nou nog onthou ek van die bronne wat hy met die oog op 'n Lutherstudie vermeld het. Drie jaar later was ons saam kollegas aan die Universiteit van Suid-Afrika. Borchardt was in alle opsigte my senior, maar tog was hy 'n besondere kollega. Tydens daardie goeie Unisajare was ons dosentegetalle klein en gevolglik het ek Borchardt op 'n besondere manier leer ken. Talle gesprekke oor die kerkgeskiedenis het in sy kantoor of by die teekan plaasgevind. Toe hy in 1975 Unisa se diens verlaat en hom by die Universiteit van Pretoria aangesluit het, was dit 'n droewige dag. Vir my was dit egter 'n groot vreugde om in 1987 weer sy kollega te kon word.

Van Carel Borchardt het ek enorm veel geleer. Hy is in murg en been 'n akademikus, leermeester en kerkhistorikus. Oor die kerk se historiese

gang het hy 'n groot kennis beskik en het dit graag gedeel. Vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk is sy aftrede 'n groot verlies. Met aangename herinneringe sal sy studente en kollegas die werk van ons geagte kollega koester.

Hieronder word kortliks op een aspek van sy kerkhistoriese arbeid gefokus: sy studie van die *Patres*. As ek aan Borchardt dink, is dit veral sy werk oor die vroeë kerk wat my bybly. Sy entoesiasme vir die ou Vaders was aansteeklik. As hy oor hulle gepraat het, was die geesdrif voelbaar. Hieronder word slegs 'n paar fasette van Borchardt se werk as patristikus belig. Veral word die band tussen kerkgeskiedenis en die Skrif beklemtoon.

1 INLEIDING

Borchardt het gedurende 'n bloeityd gewerk. Toe die Kerkhistoriese Werkgemeenskap in 1970 gestig is, was dit 'n belangrike wetenskaplike stimulus. Oor die vak kerkgeskiedenis was vele entoesiasies en hoë ideale is vir die vak gekoester. Carl Borchardt was deel van hierdie beweging. Hy was en is nog steeds 'n baie gewaardeerde lid van die Kerkhistoriese gemeenskap. Met verloop van jare het sy ywer vir die studie van veral die vroeë kerk en die reformasie andere besiel.

Op 'n besondere manier was hy 'n skakel tussen ons en 'n Nederlandse of dan breë Europese kerkhistoriese tradisie. Hy is in 'n bepaalde tradisie geskool en het altyd sekere intellektuele en wetenskaplike waardes gekoester: dat die primêre bron altyd die uitgangspunt vorm, dat 'n uitstekende kennis van die oorspronklike tale (veral Latyn en Grieks) onontbeerlik is, dat 'n lees kennis van moderne tale (soos Frans en Duits) onmisbaar is omdat daarmee die navorsingsgeskiedenis ontsluit word, dat kerkhistoriese arbeid lank, baie lank, kan duur en dat oorhaastige historiese ondersoeke nóg die vak nóg die historikus tot eer strek.

Borchardt het bogenoemde waardes op 'n besondere manier verwerklik. Deur almal word hy as 'n deeglike en onkreukbare navorser geag: hy was bereid om die lang pad te loop deur primêre bronne sorgvuldig te ondersoek en hom nie aan oorhaastige historiese konstruksies skuldig te maak nie. Borchardt word ook vir sy gemaklike hantering van klassieke tekste, veral Latynse bronne, bewonder: hy kon daarom vir ons die onbekende, maar ook betekenisryke wêreld van die vroeë Christendom ontsluit. Sy werk vertoon 'n outentieke karakter: hy het met primêre bronne geworstel, egte leeservarings opgedoen en eg-menslike beelde van die verlede geskep. Sy *oeuvre* dien ook as 'n opskerping van die Christe-

like geheue: ware verstaan van die geloof en die kerk sluit 'n historiese dimensie in; sonder egte meelewing met die kerk van al die eeue kan die hede ook nie verstaan word nie.

2 KERKGESKIEDENIS EN WOORD VAN GOD

Op sovele maniere sou 'n mens Borchardt se bydrae tot die vroeë kerk kon kenskets, maar een belangrike saak staan uit: die sentrale plek wat die Woord van God in sy kerkhistoriese denke inneem. Belangrike arbeid is dus aan Skrifverstaan in die vroeë kerk gewy. Volgens hom was “die geskiedenis van die kerk van meet af aan gesentreer om die Woord as Woord van Christus”¹. Kerkgeskiedenis fokus dus juis op hierdie historiese werking van die Woord: “Heel eenvoudig gestel kan ons sê dat die kerkhistorikus hom afvra wat van die boodskap tereg gekom het in die uitlegging daarvan deur die eeue”². 'n Kerkhistorikus moet dus fyn ingestel wees op die wyses waarop die Woord in die geskiedenis gestalte gekry het; hy moet die verlede fyn lees om te kyk hoe die Woord omvorm is of verword het; hy moet fyng gevoeliger wees vir die kragtige werking van die Woord in die lewe van die *Patres* en die vroeë kerk. As die kerkhistorikus so te werk gaan, word die teologiese karakter van sy vak bevestig: “As ons egter die definisie aanvaar dat kerkgeskiedenis hom besig hou met die werking van die Evangelie in die kerk en deur die kerk in die wêreld is die teologiese karakter van die vak daarmee aangedui”³.

3 DIE KERKHISTORIKUS, DIE BYBEL EN ETIESE BEOORDELING

Basies sluit Borchardt dus by Ebeling aan: teologiese historiografie bestudeer die verkondiging van Woord in die geskiedenis⁴. 'n Belangrike konsekwensie van hierdie denke is dat etiese oordele oor die verlede uitgespreek mag word. Moet 'n kerkhistorikus net beskryf of kan hy ook etiese oordele uitspreek? Borchardt het hom teen die gedagte verset dat kritiese oordele eerder aan die etikus oorgelaat moet word. Hy stel dit so: “Ek meen dat dit ook die kerkhistorikus se taak is om nadat hy die historiese metode gevolg het (soos die historikus) daarna 'n beoordeling te maak op grond van ons norm, die Bybel deur te sê of die kerk of teoloog in 'n bepaalde optrede nog suiwer kerk van Christus was en of daar as Christen reg opgetree is”⁵. Die kerkhistorikus “moet ten slotte 'n teologiese oordeel vel en sy norm by die beoordeling is die Bybel”⁶. Dit hoort tot die wese van die historikus se taak. Dit is ook wat van

kerkgeskiedenis “’n outentieke teologiese saak” maak⁷. Dit is die Woord wat die kerkhistorikus hierin help, en dan word nie primêr eksegeese gedoen nie. Daar word eerder gelet op hoe nadenke oor en eksegeese van die Skrif ’n neerslag in die geskiedenis gevind het.

’n Voorbeeld van Borchardt se soort etiese oordele vind ons in sy stryd teen apartheid. Alhoewel hy geweldig teen hierdie beleid gekant was en hy wetenskaplike argumente daarteen wou aanvoer, het hy dit baie diskreet gedoen. Nooit het hy die wetenskap vervlak of dit dienstig aan ’n bepaalde politieke standpunt wou maak nie. Tog het hy sy stem hard en duidelik laat klink. Anders gestel: hy het deur middel van wetenskaplike werke standpunt ingeneem. Ter illustrasie twee voorbeelde. Tydens die 1986-Algemene Sinode het die kerk hom krities teenoor apartheid gestel. Sommige het nog teengestribbel en beweer dat vorige sinodes, wat apartheid goed gepraat het, ook deur die Heilige Gees gelei is. Besluite is tog deur vrome en godvresende mense geneem. Hoe kon die vorige sinodes gedwaal het? Borchardt antwoord hierop met ’n uitstekende werk oor Luther en Calvyn se siening oor die onfeilbaarheid van kerklike vergaderinge. Duidelik toon hy die groei in hierdie verband by Luther aan. Na die Leipzigdebat van 1519 het hy veel oor die probleem nagedink. In Luther se antwoord kon Borchardt ook op die beswaardes van die 1986-Sinode antwoord: “Luther het ’n punt bereik dat hy alles gemeet en beoordeel het volgens die Woord van God. Hy was gevange deur die Woord van God... Alle besluite, van watter vrome kerkvaders en konsilies, kan en moet getoets word in die lig van die Woord van God”⁸.

Nog ’n voorbeeld spruit uit 1982. Gedurende daardie tyd is talle gesprekke oor die immoraliteit van apartheid gevoer. Op die gemeenskap het hierdie beleid ’n verwoestende invloed uitgeoefen. Daarom skryf Borchardt oor die oer-Christelike gemeente. Hy wys op die sterk eenheidsgevoel wat onder die vroeë Christene geheers het. Belangrik is dat rassevooroordele heeltemal verdwyn het. So moes die Suid-Afrikaanse samelewing ook lyk: “Die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap wat vandag ook in die branding staan oor die hele wêreld, maar veral ook in ons eie land, was dus destyds al ’n probleem en soos iemand dit gestel het, onderstreep en bevestig ’n voorbeeldige lewenstyl nie alleen die Christelike verkondiging nie, maar is dit self ’n stuk verkondiging”⁹.

4 AAN DIE BOESEM VAN DIE MOEDERKERK WORD DIE SKRIF VERSTAAN

Die gelowige verstaan die Skrif slegs in die boesem van die kerk. Dáár word die ware uitleg gevind. Dít bly een van die mooi en aangrypende

dinge van die vroeë kerk. Vir die *patres* en hulle stryd teen die ketters was dit 'n onontbeerlike hulpmiddel. Korrekte eksegeese was volgens Irenaeus die kerk se voorreg. Slegs in die kerk is die sleutel vir Skrifuitleg aangetref. Dáár is die apostoliese tradisie of leer onbeskadig bewaar en daarmee kon die Skrif ontsluit word¹⁰. Tertullianus stel dit nog sterker: "Die waarheid behoort aan ons wat volgens die reël handel wat die kerk van die apostels, die apostels van Christus en Christus van God oorgelewer het". Met hierdie *regula fidei* kon die kerk en slegs die kerk die Skrif werklik verstaan¹¹.

Athanasius het ook so gedink en kon daarom teenoor die Ariane verklaar dat sy standpunt korrek is. Hy is reg want hy reflekteer die kerk se siening. Vanuit die kerklike gesigspunt het Athanasius die Skrif verklaar en sy sieninge oor Christus geformuleer. Alhoewel die Skrif die volle waarheid bevat, moet die tradisie of die "geskifte van geseënde leermeesters... ('n) mens in staat stel om die Skrifte te verstaan"¹². Deur die vrome vaders of "die kerklike skopus" kom die Skrif as 't ware aan die "praat". Geen spanning het dus tussen Skrif en tradisie bestaan nie: "vir Athanasius (is) die Skrif en die tradisie onverbreeklik verbonde. Die Skrif is in sigself volmaak maar die kerk ontsluit die sin en die bedoeling van die Skrif. In die kerk is met die Skrif tegelykertyd die ware interpretasie gegee. Daarmee word nie bedoel dat die tradisie 'n materiële aanvulling van die Skrif sou wees nie. Skrif en tradisie vorm nie twee selfstandige beginsels wat mekaar aanvul nie: hulle vorm een onverbreeklike geheel"¹³.

So het die kerk dan die allesomvattende betekenishorison van die Skrif geword. Dit het die norm vir alle Skrifuitleg bepaal; dit het die hermeneutiese konteks van die Skrif geword; dit het "die groot eksegeet" geword. Eintlik was dit "een gelukkige tijd, toen er geen distantie bestond tussen Kerk en geloof, tussen ambt en Heilige Geest, tussen Kerk en Schrift en tussen Schrift, Kerk en geloof"¹⁴. In menige opsig was dit so gerusstellend: aan die boesem van die *mater ecclesia* is die gelowige getroos en daar is hy geleer om die Skrif te verstaan; in die midde van die kerk is die betekenis van die Skrif ontsluit en verstaan¹⁵. Met die reformasie het alles verander: die lees- en verstaanshandeling het as't ware van die kerk na die individu en die Heilige Gees verskuif. Om nou die hele Skrif of selfs net 'n gedeelte te kan verstaan, is die Gees nodig. Om die Bybel reg te kan verstaan "moet mens die woorde in hul eenvoudige en gewone sin opvat en die woorde met affek op die juiste wys vat en 'voel in die hart'... Terwyl die mens met sy verstand sekere dinge nie verstaan nie, gee God 'n regte begrip en ervaring in die hart"¹⁶. So het die strewe na die Skrif se regte verstaan iets passiefs begin word. En iets van die warmte

van die moederkerk as betekenisdraer van die Skrif het verlore gegaan.

5 DIE SKOONHEID VAN DIE PATRISTIESE EKSEGESE

Borchardt het soos weinig ander hier te lande juis die skoonheid van die vroeë kerk se Skrifuitleg verduidelik. Sy werk oor Hilarius¹⁷ kan hier as voorbeeld dien. Daar is 'n paar fasette van Hilarius se Skrifgebruik wat ons hieronder wil belig.

a. Voorop staan die verhouding geloof en rede. Dit is nogal 'n moderne probleem: Skrifstudie veronderstel 'n antwoord hierop, maar vele probeer dit ontglip. Vir Hilarius is die rede onmisbaar. Dit was tog immers die rede wat hom tot meerdere (Skrif-) kennis van God gedryf het. Sy nadenke oor God het hom na nog meer insig laat verlang. Deur sy studie van die Skrif het hy God beter leer ken. In sy soeke het hy egter 'n belangrike ontdekking gemaak: God kan geensins volledig deur die rede geken word nie. Hoe meer hy probeer het, des te meer het hy gefaal. God is net te oorweldigend groot om Hom volledig te kan peil. Hierdie spanning het Hilarius voortdurend ervaar. Sy rede vuur Hom aan, maar tog kan dit God nie volledig ken nie. Hy begeer 'n voller kennis van God (en dit is tog 'n intellektuele handeling), maar telkens stuit hy voor die rede se beperkthede¹⁸. Kennis kan tog net op een bepaalde manier verkry word en dit is deur die sintuie. Slegs die waarneembare kan geken word. Oor die nie-waarneembare kan ons nooit oordeel nie. Oor die Goddelike misterie kan 'n mens daarom nog minder iets sinvol spreek. Nooit kan die menslike intellek verstaan hoe en waarom God mens kon word nie¹⁹. Dít was juis sy verwyf teen die Ariane: hulle het nie die beperktheid van die menslike rede verdiskonteer nie. Hulle teologie het geen skrome geken nie. Hulle het te maklik oor die onkenbare gepraat. Hulle het die eindigheid van die menslike denke nie in ag geneem nie, gevolglik het hulle die misterie van God te platvloers gemaak. Anders gestel: hulle het sommer so oor God gepraat asof 'n mens kon.

Tog wou Hilarius oor God bly praat. Maar hoe dan as die rede so beperk is? Hilarius ontkom egter aan die probleem deur "voorskrifte" vir die regte aanwending van die rede te formuleer. Eerstens, God moet nie deur ons rede vasvang word nie. Hy is totaal anders en kan deur die menslike rede nie omvat word nie. Hy kan net op 'n menslike wyse gevat en beskryf word en dit is gebrekkig. Tweedens, die mens moet sy eie denkmooie verstaan. Om wysheid te bekom, moet die mens dwaas word. Bewuswording van hierdie menslike denkbrosheid kan 'n mens iets van

God se grootheid laat verstaan. Anders gestel: menslike denke bereik slegs iets wanneer die eie eindigheid ervaar word. Derdens, van God kan ons wel iets ken, maar dan moet ons met die moontlike tevrede wees. Ons kan die son tog net ken indien ons met al die moontlike beperkinge sal rekening hou. Om direk in die volle son te kyk, is dwaas en so word die son ook nie geken nie. Ons moet vergenoeg wees met die bietjie wat ons kan sien. So is dit ook met die misterie van God gesteld. Nooit kan ons alles verstaan nie²⁰.

Alhoewel God nie met die rede geken kan word nie, is 'n ander kennisweg wel moontlik. Interessant is dat hierdie weg die rede nie uitskakel nie. Hoe wil Hilarius nou kennis van God verkry? Deur die geloof. Alleen so kan 'n mens iets van God verstaan. As 'n mens glo, ken hy. Anders gestel: kennis van God loop deur die geloof en nie die rede nie, maar tog word die rede ook nou weer nie uitgesluit nie. Trouens, 'n noue verband bestaan tussen die twee. Albei moet in volkome harmonie met mekaar verkeer. Ons beskik tog nie oor 'n geloof wat ontdaan is van die rede nie. Geloof is handig by die verlossing, maar sonder die rede is dit onverstaanbaar. Geloof wat nie deur die rede ondersteun word nie, is leeg. Alles is ook andersom waar: sonder die geloof kan die rede ook nie funksioneer nie. Kortom: geloof en rede is onlosmaaklik verbind, die een kan nie sonder die ander funksioneer nie²¹.

So 'n siening het ook konsekwensies vir die studie van die Skrif. God het groot waarhede in die Skrif opgesluit en die rede is 'n belangrike instrument om dit te identifiseer. Daar kom egter nog iets by, naamlik die geloof. Deur die geloof word die rede ondersteun en deur die rede kry die geloof inhoud. Skrifstudie impliseer dus 'n noue band tussen geloof en rede.

b. Omdat Skrifverstaan ook 'n redelike of 'n intellektuele handeling is, kon Hilarius belangrike eksegetiese reëls formuleer - en let net daarop hoe modern dit klink. Alhoewel die ware verstaan van die Skrif in die kerk geleë is, moes daar tog ook aan sekere reëls voldoen word. Ten eerste moet die teks nie met vooringenome idees benader word nie. Ons moet die woorde soos wat dit daar staan, toelaat om te praat. God is die beste getuie aangaande Homself en Hy moet ons leer om as 't ware reg aangaande Hom te kan dink. Tweedens moet die konteks in ag geneem word. 'n Teks staan in 'n bepaalde konteks en om die betekenis te kan bepaal, is dit belangrik om hierdie konteks in ag te neem. Derdens moet die betekenis van 'n woord nie verander word nie. Hy verwys na die Ariane wat praat van "God" en van "nie ware God nie". So iets is onmoontlik. 'n Mens kan nie

praat van “vuur” en “nie ware vuur nie”, “water” en “nie ware water nie”. Water is water en vuur is vuur en sal dit bly solank as wat dit die substansie van “vuur” en “water” behou. Vierdens waarsku hy ook teen die-oorbeklemtoning van die een teks ten koste van die ander²².

c. Patristiese eksegese is altyd nuut en opwindend. Enige iets kan gebeur. Alles hang van die eksegeet af. Indien hy 'n skerpsinnige en 'n fynleser is, sal allerlei nuwe en spitsvondige lesings ontstaan. Hilarius was 'n tipiese voorbeeld hiervan. Alhoewel hy sterk deur eksegete in die Ooste beïnvloed is, vertoon hy nogtans groot oorspronklikheid: “he is quite capable of originality and does not adopt the Easterners' ideas without intelligence”²³. Op 'n boeiende manier is die Skrif verstaan en verklaar. Vernuftig was sy interpretasie van Moses en die brandende bos: dit was niks anders as 'n simbool van die kerk onder verdrukking nie. Hilarius het ook 'n lang uiteensetting aan Spreuke 8:22 gewy: “Die Here het my (die wysheid) geskep, Hy het met my begin; ek is die eerste wat Hy gemaak het, lank, lank gelede”. Soos baie van die vaders het ook hy dit Christologies verstaan. Hy het egter iets nuuts bygevoeg: die vleeswording van Christus het reeds in die Ou Testament begin toe Hy met Adam in die tuin gewandel het, toe Hy met Kain, Abel en Noag gepraat het, toe Hy Hagar in die woestyn ontmoet het, toe Hy met Jakob geworstel het, en nog baie ander plekke in die Ou Testament²⁴.

Iets van hierdie anderse eksegese blyk onder andere ook uit Hilarius se poging om die godheid van Christus te bewys. Interessant is dat hy in die Ou Testament oorfloedige getuienis van Christus se Godheid gevind het. Eintlik kon dit ook nie anders nie. Wie soos die vaders eksegese doen, skep voortdurend nuwe moontlikhede uit die teks. So het Hilarius sy soektog by Genesis 1:6-7 begin: “Laat daar 'n gewelf wees tussen die waters om die waters van mekaar te skei. So het dit gebeur. God het die gewelf gemaak...”. Hierdie verse vertel van die God van Wie die skepping gekom het en die God deur Wie alles ontstaan het. Volgens 2 Makkebeërs 7:28 het alles uit niks ontstaan. Deur Wie dit alles gebeur het, leer Johannes 1:3: “Alles het deur Hom tot stand gekom” (Joh 1:3). Uitdruklik verklaar die evangelis verder: “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God en die Woord was self God” (Joh 1:1). Hilarius bring alles by die Genesisteks bymekaar. Volgens hom was dit die Vader wat gesê het: “Laat daar 'n gewelf wees”. Dat alles op die Vader se bevel gebeur het, word ook deur Psalm 148:5 bevestig: “Laat hulle die Naam van die Here prys, want Hy het beveel en hulle is geskep”. Alles is dus duidelik: volgens die Genesisteks was daar Een wat beveel het en Een wat

dit uitgevoer het. Hierdie “Agent” deur wie alles uitgevoer is, was Christus. As God die Vader alleen by die skepping was, is dit tog onlogies dat Hy Homself tot die skepping van die uitspansel moes beveel het. Alles is egter verstaanbaar as ons die Ander, die Een deur wie alles ontstaan het, ook by die skepping teenwoordig was. Vir Hilarius was dit ook ’n duidelike aanwysing dat die Een deur Wie alles gebeur het, inderdaad God is²⁵.

’n Heel logiese tekskeuse is Genesis 1:26: “En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis” (1933/53 AV). Hierdie woorde se strekking is duidelik: God is nie alleen nie. Hy praat met iemand wat in dieselfde Goddelike substansie as Hy deel. As God alleen was, sou die woordjie “ons” tog nooit gebruik gewees het nie. Was God egter alleen het daar eerder gestaan: “En Hy het hom gemaak na sy beeld”²⁶.

Uit die aartsvaderverhale is veel geput. Genesis 16 vermeld die ongelukkige band tussen Abraham en Hagar. Geweldige spanning het in die Abrahamhuishouding vanweë Hagar se swangerskap ontstaan. Sy besluit om te vlug, maar in die woestyn kry die Engel van die Here haar en maak die volgende belofte: “Ek sal jou nageslag so baie maak” (Gen 16:9). Volgens Hilarius kan ’n engel tog nie so ’n belofte maak nie en daarom noem Hagar Hom tereg “God” (Genesis 16:13). Wie is dan nou hierdie “engel”? Soos hierbo gesê, Christus is die een wat die opdragte uitvoer. Hilarius verklaar daarom dat Christus hier aan die woord is. Verder: hierdie verse toon ook dat Christus God is. Dit is duidelik uit die woorde van Hagar af te lei. Omdat hy baie fyn lees, vind Hilarius ook in Genesis 17:20 verdere bevestiging vir sy standpunt. Daar is dit God self wat aan Abraham beloof dat Ismael, die seun van Hagar, ’n groot nasie sal word. So is die Een wat Hagar en Abraham ’n nageslag beloof dieselfde. So het Christus beloof en Christus is God²⁷.

In Genesis 18:1-33 word die verhaal van die drie besoekers asook die vernietiging van Sodom en Gomorra vermeld. God (die Vader) beloof aan Abraham en sy vrou ’n kind en Hy vertel hom van sy voorneme om Sodom en Gomorra te verwoes. Alhoewel dit God (die Vader) is wat hier aan die Woord is, is dit Christus wat die opdragte uit voer. Christus, wat in naam en substansie aan God gelyk is, het die “swael en vuur van Hom af, uit die hemel uit laat reën op Sodom en Gomorra” (Gen 19:24). God die Regter het oor hierdie twee stede geoordeel en God die Seun het die opdragte uitgevoer²⁸.

d. Vir die moderne eksegeet is sulke Skrifverklaring onaanvaarbaar. Eksegese moet wetenskaplik begrond wees en deur ander wetenskaplikes

getoets kan word. Soms word geen of weinig ruimte vir kreatiewe verbeeldingspronge gemaak nie en moet die eksegeet teen allerlei vooroordele waak. Kennelik was dit met die gelowige van die vroeë kerk anders gesteld. Daaglik is gelowig uit die Skrif geleef. Vir die gelowige was die Skrif soos 'n leer na God toe en hoe verder hulle daarop geklim het, hoe nader het hulle aan Hom gekom. Vir hulle was dit 'n lig wat die gees verhelder en die hart verwarm het. By uitstek was dit sielevoedsel, bronne en strome van lewende water, hemelse brood en drank. As bron van vroomheid kon dit deur niks vervang word nie²⁹.

Borchardt wou hierdie neerslag op die vrome lewe ondersoek. Hy het 'n besondere oog vir die Skrif se invloed op die geestelike lewe. Daarom kon hy kerkgeskiedenis beskryf "as the study of the spiritual life and witness of the people of God"³⁰. Uiteraard is so iets moeilik want geloofservaringe kry nie so maklik in historiese bronne gestalte nie. Borchardt het nietemin 'n poging aangewend en oor Cyprianus se teologie van geduld geskryf. Veral het hy die invloed van die Skrif aangetoon. Weer klink die patristiese eksegeese: Abel het hom nie teen sy broer verset nie, maar geduldig die doodslag van sy broer aanvaar. Abraham het alles verlaat en het God geduldig gevolg. Isak het hom geduldig by sy pa se begeerte neergelê om geslag te word. Jakob was geduldig toe sy broer hom weggejaag het en het hom jare later weer geduldig voor sy broer verneder. Josef was geduldig met sy broers. Moses is amper gestenig, maar hy het alles verdra. Dawid van wie Christus afgestam het, het 'n wonderlike Christelike geduld vertoon toe hy Saul se lewe gespaar het. Bowe almal staan Jesus se geduld: Hy wat andere geklee het, vir mense hemelse voedsel geskenk het, die beker van heil aangebied het, die krone van oorwinning aan die martelare geskenk het, is op verskillende maniere verneder. Tog was Hy tot die einde toe geduldig. Daarom moet die gelowige ook sy lewe sodanig inrig. Hierdie lewe word deur baie pyn en lyding gekenmerk en daarom moet die gelowige hom des te meer in hierdie wonderlike geduld inoefen³¹.

6 EN DIE TOEKOMS?

Vanweë sy opleiding en toerusting het Carl Borchardt 'n besondere bydrae tot die studie van die kerkgeskiedenis gelewer. Soos hierbo aangetoon, kon hy soos baie min ander Suid-Afrikaners vir ons die vroeë kerk, die middeleeue en die reformasie ontsluit. Hy het oor voldoende taalkennis, wetenskaplike vaardigheid en historiese vakmanskap beskik om sy opdrag te kan uitvoer. Maar wat nou verder? Sal sy soort aanpak ook in die ander

Suid-Afrika voortgesit word? En is daar nuwe jong vakmanne? Dit is veelseggend dat Borchardt self in sy intreerede³² 'n somber toon inslaan. Oor die toekoms van die algemene kerkgeskiedenis aan hierdie suiderland het hy begin twyfel. As hy die Jaarboeke van die verskillende Universiteite nagaan, merk hy eerder 'n agteruitgang. Oor die vroeë kerk sê hy byvoorbeeld: "Dit is natuurlik jammer dat die vroeë kerk dus relatief min aandag kry"³³. Met die middeleeue gaan dit ook nie veel beter nie. Dalk die grootste probleem is die gebrekkige taalkennis. Voornemende teologiese studente hoef nie meer Latyn te neem nie. Die gevolge hiervan is verskriklik: studente word van hulle verlede vervreem. Hulle kan die dokumente van die vroeë kerk en veral die reformasie nie lees nie. Of soos Borchardt dit stel: "Ons sit dus in 'n land wat hom daarop beroem dat ons so sterk Calvinisties is, maar die werke van Calvyn is vir baie predikante 'n geslote boek"³⁴. Verder beskik die Suid-Afrikaanse studente ook nie oor so 'n kennis van Duits en Frans dat hulle die primêre en sekondêre bronne van die reformasie, die na-reformasie of die moderne tyd kan bestudeer nie³⁵. Al hoe meer word daar dan op vertalings teruggeval en word ons van die wortels van die Christendom afgesny. Gevolglik word die Suid-Afrikaanse Christendom al hoe armer want hy word van sy geskiedenis vervreem. Borchardt sê dan verder:

Miskien het ek 'n bietjie pessimisties oor die beoefening van Algemene Kerkgeskiedenis in Suid-Afrika geklink. Die Christen in die algemeen en die kerkhistorikus in die besonder mag egter nooit wanhoop nie maar moet daagliks ongestoord voortgaan met sy werk. In die afgelope jare het ek sover moontlik saam met belangstellende studente Latynse tekste gelees. Dit is op 'n vrywillige basis en vir studente wat Latyn op skool gehad het. Een jaar was daar slegs twee, 'n ander jaar was daar vier en verlede jaar (1990) nege studente... Wanneer mens op die wyse besig is met die ou geskifte weet jy dat kerkgeskiedenis nie dood is nie, nie net bloot oor gebeure eeu gelede handel nie maar 'n lewende vak is wat vandag nog vir ons iets te sê het. Boweal weet jy dat in jou besig-wees met die verlede jy daardeur 'n ryk mens is en beter toegerus word vir die vraagstukke van vandag³⁶.

NOTAS:

- 1 C F A Borchardt, "'Sensus Scripturae' by Athanasius, Hilarius en Luther", in C Landman & D P Whitelaw, *Windows on origins/Oorspronge in oënskou*, Pretoria 1985, 148.

- 2 C F A Borchardt, *Beoefening van algemene kerkgeskiedenis in Suid-Afrika*, Pretoria 1991, 11. (Hierna afgekort as *Beoefening*.)
- 3 *Ibid*, 11.
- 4 G Ebeling, *Kirchengeschichte als Geschichte der Auslegung der Heiligen Schrift*, Tübingen 1947, 2.
- 5 C F A Borchardt, "Respons", in J W Hofmeyr (red), *Martin Luther leef!\lives!*, Pretoria 1983, 57.
- 6 C F A Borchardt, *Beoefening*, 11.
- 7 *Ibid*.
- 8 C F A Borchardt, "Luther en Calvyn oor die feilbaarheid van kerklike vergaderinge", *NGTT* 29/4 (1988), 330.
- 9 C F A Borchardt, "Die Oer-christelike gemeente as model van gemeenskap", *Theologia Viatorum* 10/2 (1982), 16-24.
- 10 J N D Kelley, *Early Christian doctrine*. London 1986, 35-41.
- 11 C F A Borchardt, *Sensus Scripturae*, 149.
- 12 *Ibid*, 151.
- 13 *Ibid*, 149.
- 14 J N Bakhuizen van den Brink, *Ecclesia* II, 'S-Gravenhage 1966, 29.
- 15 H W de Knijff, *Sleutel en slot*, Kampen 1980, 28.
- 16 C F A Borchardt, *Sensus Scripturae*, 156-157.
- 17 C F A Borchardt, *Hilary of Poitiers's role in the Arian struggle*, 'S-Gravenhage 1966.
- 18 *Ibid*, 45.
- 19 *Ibid*, 46.
- 20 *Ibid*, 47.
- 21 *Ibid*, 47.

- 22 *Ibid*, 50.
- 23 R P C Hanson, "Biblical exegesis in the early church", in P R Ackroyd & C F Evans, *The Cambridge history of the Bible*, Cambridge 1989, 446.
- 24 *Ibid*.
- 25 C F A Borchardt, *Hilary*, 57,60.
- 26 *Ibid*, 56.
- 27 *Ibid*, 58.
- 28 *Ibid*, 62.
- 29 J H le Roux, "Prof Jan Stoop as kerkhistorikus - 'n persoonlike waardering", in: Landman & Whitelaw, *a w*, 4-5.
- 30 C F A Borchardt, *Beoefening*, 12.
- 31 C F A Borchardt, "Cyprian", *SHE*, 18/2 (1992), 22-26.
- 32 C F A Borchardt, *Beoefening*, 1991.
- 33 C F A Borchardt, *Ibid*, 7.
- 34 *Ibid*, 8.
- 35 *Ibid*, 9.
- 36 *Ibid*, 14.